higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

# VOLHOUBARE TOERISME IN SUID-AFRIKA EN STREEKSREISE

## NKR VLAK 3

(11011063)

**14 November 2022 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en ’n addendum.**

292Q1N2214

Kopiereg voorbehou

**TYD: 3 UUR**
**PUNTE: 180**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 1

1.1 Verwys na **ADDENDUM A** (aangeheg), die kaart van Afrika, en beantwoord die vrae wat volg:

1.1.1 Identifiseer die lande genommer 1–10. (10)

1.1.2 Noem enige TWEE besienswaardighede wat aangetref word in die lande genommer:

A. 2
B. 3
C. 4
D. 6
E. 8

(5 × 2) (10)

1.2 Kies ’n kenmerk uit die lys wat pas by elk van die lande wat hier onder genoem word. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| Indiese Oseaan-eiland; Kus; Vleiland; Grootwild; Woestyn; Moeras |
|---|

1.2.1 Namibië

1.2.2 Botswana

1.2.3 Tanzanië

1.2.4 Mosambiek

1.2.5 Seychelle (5 × 2) (10)

**[30]**

## VRAAG 2

2.1 Voltooi die volgende sinne deur ’n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| bruto binnelandse produk; infrastruktuur; uitstappie; museum; ompad; natuurlike hulpbron; openbare goedere; skaars hulpbron; belanghebbendes; besienswaardigheid |
|---|

2.1.1 ... is ’n kort plesierrit of reis, gewoonlik vir ontspanning.

2.1.2 Individue of groepe mense wat ’n belangstelling in ’n onderneming, ’n organisasie of ’n projek het, staan bekend as …

2.1.3 ’n ... is ’n gebou, plek, geleentheid of fenomeen wat besoekers lok.

2.1.4 ... is ’n plek waar kultuur- en natuurlike erfenis vir toekomstige geslagte bewaar kan word.

2.1.5 ... sluit water, grond, plante- en dierelewe in.

2.1.6 Gebruikers moet dikwels betaal om ’n … te gebruik.

2.1.7 Basiese fisiese en organisasiestruktuur wat vir die bedryf van ’n samelewing benodig word, staan bekend as …

2.1.8 ’n ... is ’n ander roete om iets langs die pad te besoek.

2.1.9 Die totale markwaarde van alle finale goedere en dienste wat binne die grense van die land geproduseer word, staan bekend as …

2.1.10 Gebruikers kan voordeel trek uit die gebruik van ... sonder om daarvoor te betaal of deur slegs ’n klein tarief te betaal.

(10 × 1) (10)

2.2 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat volg:

| |
|---|
| Jy is ’n reisagent vir Kulungile South African Tours. Jou kliënte, mnr en mev Gröbels-Janke van Duitsland, sal Bloemfontein gedurende September 2022 besoek. |

2.2.1 Noem SES faktore wat daartoe kan lei dat jy die beplande reisplan vir mnr en mev Gröbels-Janke verander. (6)

2.2.2 Gee SES wenke aan die kliënte om veilig te bly terwyl hulle in Bloemfontein se strate rondloop. (6)

2.2.3 Noem TWEE geleenthede wat jaarliks gedurende September en Oktober aangebied word. (2 × 2) (4)

2.3 Wat is die verskil tussen ’n *primêre* en *sekondêre bestemming*? (2 × 2) (4)

**[30]**

**VRAAG 3**

Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae wat volg:

## GUGA S'THEBE




Die Guga S'Thebe Kultuursentrum is 'n openbare ruimte waar gemeenskappe byeen kan kom om kuns, ontwerp en opvoerings te geniet. Die sentrum het ses aktiewe en gehuurde studioruimtes, 'n bymekaarkomplek, 'n amfiteater, kuns- en handwerkwinkels en 'n veeldoelige teater. Die handwerkwinkels verkoop plaaslike naaldwerkprodukte, keramiekwerk, kralewerk en mosaïekwerk.

Die veeldoelige teater is in 2015 tot die sentrum toegevoeg deur middel van vennootskappe met die Stad Kaapstad, die Wes-Kaapse regering en die Langa-gemeenskapsdeelname, asook sosiale integrasie. Die teater verteenwoordig innoverende en volhoubare ontwerp. Die teater is uit ou skeepshouers, herwonne houtvrugtekratte en plaaslik beskikbare boumateriale soos strooi en klei gebou.

[Bron: Aangepas uit *https://www.capetown.gov.za/Our-recreational-facilities/Guga-Sthebe-Cultural-Cntre]*

3.1 Noem VIER maniere waarop personeel die erfenis in die werksplek kan gebruik en verstaan, soos met Guga S'Thebe gedemonstreer word. (4 × 2) (8)

3.2 Identifiseer TWEE belanghebbendes uit die leesstuk. (2 × 2) (4)

3.3 Gee VIER voorbeelde van belanghebbendes se behoeftes. (4 × 2) (8)

3.4 Bespreek TWEE maniere waarop die gemeenskap uit hierdie kultuursentrum voordeel kan trek. (2 × 2) (4)

3.5 Met watter voedselwette assosieer jy elk van die volgende gebruike?

3.5.1 Voedsel wat na 'n funksie gebring word, moet geëet word uit die houer waarin dit gebring is. (2)

3.5.2 Slegs vis met skubbe mag geëet word. (2)

3.5.3 Geen alkohol mag in die bereiding van die voedsel gebruik word nie. (2)

**[30]**

## VRAAG 4

4.1 Noem die godsdienstige groepe waarmee jy die volgende voedselregulasies sal assosieer:

4.1.1 Halaal

4.1.2 Kosjer (2 × 2) (4)

4.2 Noem VIER riglyne wat jy moet volg wanneer jy 'n Hindoe-tempel besoek. (4)

4.3 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Mnr Song en sy gesin het besluit om 'n toer oor land deur Suider-Afrika te onderneem. Mnr Song het basiese inligting versoek oor elk van die lande wat hulle wil besoek. Voltooi die onderstaande tabel (4.3.1–4.3.12) wat voorsiening maak vir die inligting wat hy versoek het.

| | Hoofstad | Internasionale lughawe | Amptelike taal | Geldeenheid |
|---|---|---|---|---|
| Botswana | 4.3.1 | 4.3.2 | 4.3.3 | 4.3.4 |
| Mosambiek | 4.3.5 | 4.3.6 | 4.3.7 | 4.3.8 |
| Kenia | 4.3.9 | 4.3.10 | 4.3.11 | 4.3.12 |

(12)

4.4 Jou vriende het jou gevra om hul vakansie in Upington te beplan omdat jy toerisme bestudeer.

Gee VYF faktore wat met tyd verband hou wat jy in ag moet neem wanneer jy die vakansie beplan. (5 × 2) (10)

**[30]**

## VRAAG 5

5.1 Kies ’n beskrywing uit KOLOM B om by ’n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 5.1.1 | Radio | A | behoud of herstel van die natuurlike omgewing of natuurlewe |
| 5.1.2 | Bewaring | B | respek vir plaaslike kultuur en ondersteuning van maatskaplike ontwikkeling |
| 5.1.3 | Vermenigvuldiger | C | die verskeidenheid ekologiese prosesse, gene, spesies en ekosisteme wat in ’n land of streek voorkom |
| 5.1.4 | Kapitaal | D | die doel is om die regte en erfenis te beskerm en te help met die opheffing van plaaslike gemeenskappe |
| 5.1.5 | Argeologies | E | biologiese gemeenskap van organismes wat in interaksie tree en hul fisiese omgewing |
| 5.1.6 | Sosiale verantwoordelikheid | F | ’n Persoon wat ’n onderneming vestig, en in die proses finansiële risiko’s loop |
| 5.1.7 | Biodiversiteit | G | nuttigste bron van inligting oor die huidige stand van sake en die weer |
| 5.1.8 | Nieregeringsorganisasie | H | ’n studie van menslike geskiedenis en oergeskiedenis deur middel van terreinuitgrawing |
| 5.1.9 | Ekosisteem | I | verwys na alle vervaardigde hulpbronne wat gebruik word om goedere en dienste te produseer en dit by die kliënte te kry |
| 5.1.10 | Entrepreneur | J | ’n ekonomiese term wat dui op ’n faktor waarmee ’n toename in inkomste die resulterende toename in besparing oorskry |

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

5.2 Watter tipe toeris verbind jy met elk van die volgende aktiwiteite, geleenthede of besienswaardighede (5.2.1 – 5.2.5)?

5.2.1 Otterwandelpad (2)

5.2.2 Besoek aan ’n sinagoge en ’n tempel (2)

5.2.3 Nasionale Kunstefees (2)

5.2.4 Bywoning van ’n mediese konferensie (2)

5.2.5 Reis na ’n buitelandse land om ’n internasionale krieketwedstryd by te woon (2)

5.3 Bestudeer die onderstaande illustrasie en beantwoord die vrae:




*[www.google.com]*

5.3.1 Identifiseer die omgewingsvraagstuk wat in die illustrasie uitgebeeld word. (2)

5.3.2 Verduidelik VIER negatiewe gevolge van die illustrasie in 5.3.1. (4)

5.3.3 Stel VIER maniere voor om die vraagstuk te hanteer wat in 5.3.1 uitgebeeld word. (4)

**[30]**

## VRAAG 6

6.1 Noem VIER betroubare bronne wat jy sal raadpleeg om inligting oor toerisme te bekom. (4)

6.2 Illustreer die verskil tussen tasbare en ontasbare erfenis deur TWEE voorbeelde te gee.

6.2.1 Tasbare erfenis (4)

6.2.2 Ontasbare erfenis (4)

Kopiereg voorbehou 

6.3 Jy vergesel ’n groep toeriste op ’n toer na die Krugerwildtuin. Gedurende die toer word jy gekonfronteer deur een van die groeplede oor ’n taamlik kontroversiële aangeleentheid wat met Covid-bestuur in Suid-Afrika verband hou.

(10)

Bespreek die beste manier om op hierdie toeris te reageer.

6.4 Me Knowles en haar vriende gaan Oos-Londen besoek. As haar reiskonsultant versoek sy jou om ’n daguitstappie vir hulle te organiseer.

Noem VIER faktore wat jy moet oorweeg wanneer jy die uitstappie beplan.

(4 × 2) (8)

**[30]**

**TOTAAL: 180**

(11011063)

**ADDENDUM A**




Kopiereg voorbehou